# Lesing 25.08.2018 - Lesing 8 - Ernstige oproep na die Boerevolk se Gilgal Klipwiel

Openbaring ontvang op 21 Augustus 2018

*Aan Daniel Grobbelaar*

"Skryf neer wat jy sien en skryf dit presies so neer MY kind! Hierdie is MY Lewende Woord in LEWENDE LEWE! EK IS SPREEK! **EK wat Brood en Wyn gee en gee**. **MY Wese word vir hulle openbaar** wat MY Liefhet **in Daad**, met **Liefde bo ALLE Liefde."**

"**Soos 'n Vrou** wat op jou oesland kom wandel en jou grond met Haar voete kom toets; en Haar Hand laat streel tussen die koringlande en die oes volgens haar maat uitmeet... Sy neem die vrugte van die bome en voel dit aan met Haar vingerpunte; Sy swaai altwee Haar arms wyd en neem 'n diepe asem in en met Haar glansende blou-oë bekyk Sy jou lande. Sy nader die fonteine en plaas druppel vir druppel aan Haar lippe... Die kleure van die Reënboog wemel om Haar soos Sy dansend soekend huppel. Sy wandel verder en die pragtigste kleure en hemelse reuke gaan op tot aan die koepel-blou hemele. Sy sien 'n man met 'n klein tuinvurkie wat werk onder 'n Olyfboom en Sy gaan na hom toe. Die man, laag-knielend in die grond gewaar 'n reuk, die smaaklikste reuk, en lig sy hoof op. Die Vrou vra vir die man: **"Geliefde man, waarmee is jy so knielend besig?"** En die man sê vir Haar: "Ek het gou **die laaste bossie uitgehaal** en terug gegee aan my Vader." Die Vrou vra toe vir die man: "Wie is jou Vader en waar is HY?" Die man sê toe met 'n glimlaggende traan in sy aangesig: "Dierbare vrou, HY IS... HY waarlik IS!" Die Vrou sê met 'n glimlaggende traan in Haar oë vir die man: "HY IS WAARLIK! HY het My gestuur om te kom kyk **of jy vir HOM 'n Huis gebou het. As HY jou Huis waardig vind,** dan sal Ek jou wys waar HY IS."

***Lukas 13:20*** *En weer het Hy gesê: Waarmee sal Ek die Koninkryk van die Elohim* ***vergelyk****? 13:21 Sy is soos suurdeeg wat* ***'n Vrou neem en in drie mate meel inwerk*** *totdat Sy heeltemal ingesuur is.*

***Maleagi 2:14*** *En julle vra: Waarom? Omdat JaHWeH getuie is tussen jou en die* ***Vrou van jou jeug*** *wie jy verraai het, terwyl sy tog jou metgesel is en die* ***Vrou van jou Verbond****. 2:15 ..... Neem julle dan in ag ter wille van* ***julle gees*** *en verraai nie die* ***Vrou van jou jeug*** *nie.*

***2Johannes 1:1*** *DIE oudste aan die* ***Uitverkore Vrou en aan Haar kinders*** *- wat ek in* ***Waarheid*** *liefhet, en nie ek alleen nie, maar ook* ***almal*** *wat die* ***Waarheid leer ken het****; 1:2 ter wille van die Waarheid wat in ons bly en by ons vir ewig sal wees -*

Die man sê aan die Vrou: "Kom hierheen en stap saam my." Die Vrou en die man stap met vrolikheid van hart en kom op 'n groot **Draaiende Fontein af met 'n Groot Boom in die middel**. Die Boom was magtig in Glansrykheid en daar het 'n Groot **Waterval** vanuit die Boom gevloei en soos die waters val in alle rigtings, so verander dit in die lieflikste **Dou** wat al die lande oordek. Die volgende oomblik toe versamel al die **reënboog-kleure** wat die Vrou omhels het en rig 'n groot glansryke Reënboog op by die Fontein en eweskielik verander die waters wat vanuit die Fontein vloei in **al hierdie kleure tegelyk.** Die man vra aan die Vrou: "Wat het nou net gebeur?" Die Vrou sê aan die man: "Kyk, kyk hoe werk Ons VADER. Wanneer jy **in die Ark van LIEFDE** gekom het, bewys HY SY Getrouheid".

*Openbaring 4:2 En dadelik was ek in die* ***Gees****, en kyk, daar staan 'n* ***Troon in die Hemele*** *en Een sit op die Troon. 4:3 En Hy wat daarop sit, het in Sy voorkoms gelyk soos die Steen jaspis en sardius; en rondom die Troon was 'n* ***reënboog*** *wat in Sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag.*

Hulle stap toe 'n klein bietjie verder in die suidelike rigting, (***Waarheid is Suid***) net by die Fontein. Die man wys met sy linkervinger en die Vrou sien die Huis. **Hierdie Huis was op 'n groot Bergkoppie *(Jou innerlike Berg Sion)* gebou en was pragtig**. Soos die man en Vrou nader stap, sien die man skielik hoe die Vrou opkyk en die Hemele open met Haar linkerhand, met Haar regterhand wat reguit wys na een van die hoeke van die Huis. Die man sien toe 'n **baie lang leër** wat neerdaal vanuit die Hemele en hy sien hoe daar **engele op-en-af klim**, heen en weer.

***Genesis 28:12*** *En hy het gedroom - daar is 'n leer* ***op die Aarde opgerig*** *waarvan die spits tot aan die Hemele reik, terwyl die Boodskappers (****Engele****) van Elohim daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het. 28:13 En kyk,* ***JaHWeH het bo-aan gestaan*** *en gesê: Ek [is] JaHWeH, die Elohey van jou vader Abraham en Elohey van Isak. Die Aarde waar jy op haar lê en slaap, haar sal Ek aan jou en jou saad gee; 28:14 en jou saad sal wees soos die stof van die Aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide; en* ***in jou en jou saad sal al die families van die Adamah[adamiet se Aarde] geseën word.***

Skielik kom **Johannes** aangehardloop met 'n jonge kindjie wat saam laggend hardloop, agter verby hulle, reguit in die rigting van die Draaiende Fontein. Skielik is daar 'n groot opbruising van klanke en 'n magtige dreuning van Ramshoring geblaas vanuit die Hemele. Die Vrou gryp die man se hand en begin loopdans met opgewondenheid! Die hele **atmosfeer begin verander** in Hemelse kleure en substans.

***Johannes 21:24*** *Dit is daardie student wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het,* ***en ons weet dat sy getuienis die Waarheid is.*** *21:25 En daar is nog baie ander dinge wat JaHWèshua alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boekrolle nie bevat nie. Amein.*

***Johannes 16:13*** *Maar wanneer* ***Sy*** *gekom het, die* ***Gees van die Waarheid,*** *sal Sy julle in die* ***hele Waarheid*** *lei; want Sy sal nie uit Haarself spreek nie, maar alles wat Sy hoor, sal Sy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. [Odes van Salomo 3:10; JeHôWganan 14:26]*

Die man sien toe **duisende jong kindertjies**, hy kon hulle nie tel nie. Al hierdie kindertjies is by hierdie Fontein versamel en die man vra toe vir die Vrou: "Wat is aan die gang daar? Wat doen al hierdie kindertjies? En wie is daardie Vrou daar by die Fontein?"

***Mattheus_11:25*** *IN daardie tyd het JaHWèshua gespreek en gesê: Ek loof U, VADER, JaHWeH van die Hemele en die Aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en geleerdes en dit* ***aan kindertjies geopenbaar het****.*

*Mat_18:3 en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie* ***verander en soos die kindertjies word nie****, sal julle* ***<u>nooit</u>*** *in die Koninkryk van die Hemele ingaan nie!*

Die Vrou draai om en sê vir die man met Erns: "Geliefde man, kyk mooi." En die man sien toe wat binne-in die **Dou** (***<u>Waarheid</u>***) van die Fontein plaasvind en hy sien hoe 'n Vrou **melk en heuning (*<u>Wysheid</u>* en *<u>Liefde</u>*)** vir die kindertjies gee. Die Vrou by die man sê toe aan hom: "Nou, let mooi op wat jy sien." En die volgende oomblik sien die man 'n **Wolkkolom neerdaal** oor die hele ganse Draaiende Fontein.

***Lukas_21:27*** *En dan sal hulle die Seun van die Adam sien kom* ***in die Wolkkolom****, met groot* ***<u>Krag</u>*** *en Glansrykheid.*

Skielik weerklink die stem van Dawid en die man sien toe hoe die Boekrol van die **Psalms** geopen word in die Hemele en die man sien ook 'n ander Boodskapper **met nog 'n ander boekie** in sy hand. Die Wolkkolom begin toe stadig Haarself lig soos wind wat onder 'n veertjie versamel. Soos wat die Wolkkolom opwaarts begin beweeg, sien die man toe **'n MAN wat uit die boekie lees** wat in die Boodskapper se hand was.

***Handelinge 1:8*** *maar* ***julle sal <u>Krag</u> ontvang wanneer die Gees van die Apartheid oor julle kom****, en julle sal My* ***getuies wees*** *in Jerusalem sowel as in die hele JeHûWdah en Samaría en tot aan die uiterste van die Aarde. 1:9 En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien;* ***en die Wolkkolom het Hom voor hulle oë weggeneem.*** *[Psalm 47:5]*

***Openbaring_5:9*** *Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê:* ***U is waardig om die Boekrol te neem en sy seëls oop te maak, want U is doodgebloei en het ons vir Elohim met U bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,***

***Openb 10:7*** *maar* ***in die dae*** *van die stem van die sewende Boodskapper, wanneer Hy begin blaas, dan is die* ***verborgenheid van Elohim volbring****, soos Hy die goeie nuus verkondig het aan Sy diensknegte, die Profete. 10:10 Toe neem ek die Boekie uit die hand van die Boodskapper en eet haar op, en in my mond was sy* ***soet soos heuning;*** *maar toe ek haar geëet het, het my maag bitter geword. 10:11 En Hy het vir my gesê:* ***Jy moet weer profeteer*** *oor baie volke en nasies en tale en konings.*

Die Vrou by die man sê vir hom: "Aan die kindertjies behoort die Koninkryk van SY Hemele, aan hierdie kindertjies wat hulle laat besny het net voor die Jordaan ge-open was!"

***Mattheus_19:14*** *Maar JaHWèshua sê: Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want* ***aan sulkes*** *behoort die Koninkryk van die Hemele.*

Die volgende oomblik sien die man hoe al die kleure van die Reënboog versamel op 'n kandelaar in hierdie **MAN se Hand.** Hy sien toe hoe hierdie MAN Brood en Wyn uitdeel vir al die kindertjies. Hy sien ook **twee ander mans** saam met HOM. Die man vra vir die Vrou: "Wie is Hulle saam met die Vrou daar wat so glansryk in Liefde is?" Die Vrou sê vir die man: "**Die MAN met die Kandelaar, dit IS HY! Dit IS HY geliefde man! Die MAN van Jerusalem, HY wat ALLES begin het!** Kyk na SY Handpalms, dit was vir jou... Die Vrou saam met HOM is **SY Sionsdogter, SY Bruid**! En die ander twee mans saam met Hulle is **die twee Getuies**."

***Hand 1:10*** *En toe hulle nog stip na die Hemele kyk terwyl Hy weggaan, staan daar* ***twee Manne in wit klere*** *by hulle, 1:11 wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die Hemele? Hierdie JaHWèshua wat van julle opgeneem is in die Hemele,* ***sal net so kom soos julle Hom na die Hemele sien wegvaar het****.*

(*Einde van visioen*)

"MY Kneg, MY kind, dra hierdie LIEFDES-BELOFTE oor **aan MY Boerevolk**, **MY Huis van Juda**! Hulle wat MY soek sal hierdie Verborgenheid van GETROUHEID van MY, verstaan met hulle hart van vlees. Dit is MY Waarheid wat tot jou gespreek het deur MY LIEFDES-HART. Al wat elkeen van julle moet doen MY Volk: **Wees lief vir MY bo ALLES en wees lief vir julle naaste – Doen dit in LIEFDE bo ALLE LIEFDE!** Geseënd is die man wat hart aan hande bind.

Dit is genoeg vir nou MY kneg. Dink aan MY en dink aan Haar wat jou sagkens lei."